Kleinmond Belastingbetalersvereniging

Notule van die Bestuurskomiteevergadering op 26 Januarie 2012 in die Biblioteeksaal om 18h00.
(Sake wat opvolging vereis word aldus gemerk)

1. Dr. Gawie Eksteen **open** die vergadering met gebed waarna hy as voorsitter almal welkom heet.

2. Presensie : **Teenwoordig:** Aldert Drenth, Gawie Eksteen, Jannie Viljoen, Johan de Clerck, Japie Conradie, Santie Hamman**,** Susan Swanepoel, Tommie Snibbe, Arend Adriaanse **en** Johan Barnard
Afwesig met verskoning: John Watson en Jan-Willem van Staden
Besoekers: Tienie Geldenhuys,

3. Genoeg lede is teenwoordig en die vergadering word **gekonstitueerd** verklaar.

4. Die **notules** van 6 Oktober 2011 word as gelese beskou en **goedgekeur.**
(Voorsteller Johan Barnard met as sekondant Susan Swanepoel)

5. Sake uit die vorige notule:

5.1 Onder-voorsitter is Jan-Willem van Staden en met Jannie Viljoen as sekretaris/tesourier.
Portefeuljes bly soos voorheen met een van Toerisme wat toegevoeg word. Aldert Drenth word gevra om Maxi Liebenberg te nader met Toerisme as portefeulje.
Susan Swanepoel word gevra om Robert Crowther te nader as bestuurslid met Buurtwag as portefeulje.

5.2 Die aantal mense teenwoordig was bo verwagting. Die tyd en datum is reg. Geen borde in die hoofstraat meer nie.

5.3 Veranderinge aan die AJV soos voorgehou is aangebring.

5.4 Die begrotingsproses sal weer op die agenda as portefeulje met Johan de Clerk as skakel, geplaas word.

6. Portefeulje Terugvoering.

6.1 **Gemeenskaps- Polisieringskakelforum**. (Japie Conradie) Koper diefstal neem toe. Die Polisieforum vergader elke 2de Donderdag van die maand.

6.2 **Buurtwag** (Vakant) Staan oor

6.3 **Hangklip / Kleinmond Federasie** (Jan-Willem van Staden) Staan oor.

6.4 **Oorlaaistasie Moniteringskomitee**. (Johan Barnard) Die werkers het die erge drukte is oor die seisoen hanteer. Veranderinge en verbeteringe vind steeds plaas. Die algehele omstandighede sen doeltreffendheid van vervoer, al op Wyk 10 se agenda geplaas word.

6.5 **Gesondheid en Welsyn.** (Santie Hamman) Persoon betrokke by Kindersorg is Joey Coetsee. Die beperkte spasie by die kliniek sal by Wyk 10 aanhangig te maak, asook die mislukte pogings en gepaardgaande frustrasie om die gesagslyne t.o.v. die kliniek na te spoor en die gebrek aan afdwinging van openbare higiëne. 'n Brief in laasgenoemde verband sal ook aan die burgemeester gerig word.

6.6 **Skema Regulasies enBouriglyne**. (Jan-Willem van Staden) Kennis word geneem van veranderinge by erf 7827. Veranderinge by erf 4880 sal na Jan-Willem van Staden verwys word, met volmag om te reageer.

6.7 **Wykskomitee 9** (Jan-Willem van Staden – Afwesig) Die verkeersimpakstudie word as agendapunt behou.
Die doelbewuste beplanning en optredes wat die omstandighede van die baie afgetredenes in Kleinmond, verlig sal weereens by die Wyk 9 te berde gebring word. Jan-Willem is besig met data versameling (waterverbruik) in die verband.
Die aanbring van volwaardige voetoorgange by 2de, 4de, 6de straat sal by Wyk 9 te berde gebring word.

6.8 **Wykskomitee 10** (Susan Swanepoel) Vullisverwydering in die Poppedorp asook die vermeende smokkelary aldaar is steeds 'n kwessie en kan weer onder Wyk 9 se aandag gebring word.

6.9 **Kleinmond Kalender**. (Jannie Viljoen) Daar is tans 129 intekenare, maar die kalender inskrywings neem af.

7. **Finansiële verslag**. (Jannie Viljoen) Kennis word geneem van die verslag soos voorgelê.

8. **Korrespondensie**

8.1 Huurgeld vir kerksaal –neem kennis

8.2 Briefwisseling aangaande samewerking met amptenare – neem kennis

8.3 Bedanking Redakteurs – neem kennis

8.4 Skibote en wetstoepassing x 2 – Sien punt 9.1

8.5 lekkende riool en Rioolstorting x 2 – Sien Punt 9.1

8.6 G Klapwijk- Bome in hoofstraat – 'n Brief sal aan haar gerig word.

9. **Addisionele Items.**

9.1 Na aanleiding van die voorsitter se skrywe "Gedagtes vir 2012" word besluit om 'n spesiale vergadering op 16 Februarie te hou om te besin oor:

(a) Wetstoepassing

(b) Die feitlik onbekombaarheid van gesagslyne en verantwoordelikhede van munisipale amptenare.

(c) Die stand, strukture en gesagslyne van die algemene publieke gesondheid

(d) 'n Beskostigbare begroting

(e) Besoedeling van grondwater en die stand van die Lagoon.

Betuurslede word DRINGEND gevra om voporbeelde wat wanfunksionering t.o.v. bostaande illustreer SKRIFTELIK op die vergadering voor te lê.

9.2 John Watson het opdrag om weereens oor lede werwing te besin en met voorstelle na die volgende vergadering te kom.

9.3 'n Brief sal aan die Area-bestuurder gerig word aangaande die ophoping van verpakkingsmateriaal by SPAR.

9.4 'n Brief sal aan die Area-bestuurder gerig word aangaande die status van die oop erf oorkant SPAR se nuwe ingang.

9.5 Arend Adriaanse en Johan de Clerck sal die leiding neem aangaande die Munisipale skoon oudit verslag en die daaropvolgende vergaderings.

9.6 'n Brief van gelukwense sal aan die nuwe munisipale bestuurder gerig word.

9.7 'n Vergadering aangaande die Lagoon word op 31 Januarie om 2nm by die seiljagklub van Fisherhaven gehou.

9.8 Die ongelyke hantering van die hoof strand en Palmiet strand se geriewe (geen toilette by hawe) en toegangsgeld asook onvoldoende wetstoepassing by die hawe sal by Wyk 9 +10 te berde gebring word.

9.9 Die gratis aanbring van moniteringsapparaat by septiese tenks deur die munisipaliteit sal by Wyk 9 te berde gebring word.

9.10 Die verskuiwing van die skool-voetoorgang nader aan 4de Straat , maar met 'n robot Wyk 10.

Die vergadering verdaag.

Hiermee word hierdie notule met _____ as voorsteller

en _____ as sekondant in orde gevind en goedgekeur.

Voorsitter Datum

Wykskomitee:

Wyk 9 en 10 (Waarvan sommige uit vorige vergaderings spruit)

1. Die doelbewuste beplanning en optredes wat die omstandighede van die baie afgetredenes in Kleinmond, verlig sal weereens by die Wykskomitee te berde gebring word
2. Besparing deur amptenare moet as 'n kriterium vir hul beoordeling van hul prestasie geld.
3 Dat die R43 en R44 aansluiting by Rivendale beveilig word oa met ‘n afrit uit Hermanus rigting Kleinmond en “straat” beligting
4 Die sake voortspruitend uit die AJV waaronder kommunikasie tussen amptenare en belasting betalers, die Bergies, wetstoepassing in woonbuurtes veral langs Kusweg (toilet gebruik van reservaat) ens, ens.
5. Die akkommodering van Sanet Oosthuizen van die ODM in die beperkte spasie by die kliniek.
6. Die mislukte pogings en gepaardgaande frustrasie om die gesagslyne t.o.v. die kliniek na te spoor.
7. Die Chaotiese bestuur van die kliniek.
8. Die algehele omstandighede en doeltreffendheid van vervoer, by vullisverwydering sal op Wyk 10 se agenda geplaas word.
9. Die aanbring van volwaardige voetoorgange by 2de, 4de, 6de straat sal by Wyk 9 te berde gebring word.
10. Vullisverwydering in die Poppedorp asook die vermeende smokkelary aldaar is steeds 'n kwessie en kan weer onder Wyk 9 se aandag gebring word
11. Die ongelyke hantering van die hoof strand en Palmiet strand se geriewe (geen toilette by hawe) en toegangsgeld asook onvoldoende wetstoepassing by die hawe sal by Wyk 9 +10 te berde gebring word.
12. Die gratis aanbring van moniteringsapparaat by septiese tenks deur die munisipaliteit sal by Wyk 9 te berde gebring word.
13. Die verskuiwing van die skool-voetoorgang nader aan 4de Straat , maar met 'n robot Wyk 10.